Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 01 • JANUARY / FEBRUARY 2021



## BESPROEIINGSBESTUUR VIR OPTIMALE AARTAPPELPRODUKSIE

## MINIMUM WAGE INCREASE AND THE POTATO INDUSTRY

Die ekonomiese impak van 2020 op varsproduktemarkte

Oranjeville en Ceres kultivar-evaluasies onder die vergrootglas

Sebenzangamandla on its way to reach commercial status

# Mag 2021 'n goeie oes oplewer

Deur JF van der Merwe, voorsitter van Aartappels SA

Wat ook al in 2021 vir die aartappelbedryf voorlê, ek glo dat ons die uitdagings die hoof sal bied; dat ons innoverende maniere sal vind om aan te pas by veranderende omstandighede waaruit ons lesse kan leer om die aartappelbedryf nie net volhoubaar te maak nie, maar ook sal laat groei.

Met die goeie reën wat die afgelope seisoen oor bykans die hele land geval het, kan ons in 2021 goeie opbrengste verwag. Die verwagting is dat daar 'n genoegsame aanbod op die vraag na aartappels gaan wees, met 'n opwaartse groei in prys.

Met 'n entstof in sig kan ons beter beheer oor Covid-19 verwag. Die Covid-19-inenting kan help om mense te beskerm deur 'n teenliggaamreaksie te skep, sonder dat hulle siek word. Ons het ontstellende verliese van familie en geliefdes as gevolg van Covid-19 ervaar.

Ons sien uit na die dag wat almal weer vrylik kan rondbeweeg en interaksie met mekaar kan hê sonder vrees vir 'n aansteeklike virus. My bede is dat ons dit nog in 2021 gaan beleef. My hoop is ook dat daar minder verrassings in 2021 gaan wees, ná 'n 2020 wat uiters deurmekaar was.

## Aartappelboere maak 'n plan

Beplanning, skedulering en die bestuur van boerderypraktyke, sowel as die bestuur en implementering van projekte vir aanverwante organisasies in die aartappelbedryf, kan dinge hopelik hierdie jaar meer vlot laat verloop. Ons het wel geleer dat ons by omstandighede kan aanpas.

Die gesegde, 'n boer maak 'n plan, is beslis van toepassing op die aartappelbedryf waar ons nou, aan die begin van 2021, in die posisie is om aan die bedryf te kan voortbou. Nuwe tegnologie kan stelsels wat al jare lank in plek was weliswaar skielik verander, maar ons kan met vertroue die wete hê dat ons sal kan aanpas en vooruitgaan.

> Ons sien uit na die dag wat almal weer vrylik kan rondbeweeg en interaksie met mekaar kan hê sonder vrees vir 'n aansteeklike virus. My bede is dat ons dit nog in 2021 gaan beleef.

Ek wil graag vir Willie Jacobs, Aartappels SA (ASA) se nuwe hoof uitvoerende beampte, sterkte toewens. Die 2021-kalender is propvol gebeure wat geleentheid skep vir direkte skakeling met aartappelprodusente en ander rolspelers in die bedryf.

Willie, ek is vol vertroue dat jy met jou kennis en ervaring sal bydra om die aartappelbedryf tot nuwe hoogtes te lei en 'n staatmaker vir jou span by ASA gaan wees.

Ons het uitgesien na 'n goeie ASA-forum en -kongres in September, maar Covid-19 veroorsaak baie onsekerheid. Ons sou graag 'n kongres wou hou waar almal teenwoordig is, want dikwels word die belangrikheid van die forum en kongres onderskat. Afgevaardigdes wat van nou tot voor die forum en kongres deur hul streke genomineer word, het 'n belangrike verantwoordelikheid met betrekking tot die verkiesing van die direksies van beide die Aartappelsertifiseringsdiens en ASA.

Direkteure wat verkies word verteenwoordig hul streke en het die geleentheid om die direksieplatform te gebruik om, onder andere, streeksverwante belange sowel as heffings te bepaal. Hierdie twee platforms dien ook as geleentheid vir die versterking van bande tussen aartappelprodusente. ASA sal binnekort meer inligting hieroor aan sy lede kommunikeer.

My bede is dat ons 'n gesonde en voorspoedige jaar in 2021 gegun sal word.

